

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:15-16

God se kinders leef volgens die voorbeeld van ons Vader

Is jy *heilig*? Ja! Jesus het jou met sy bloed skoon gewas en afgesonder om nét aan God te behoort. Dit is onbeskryflike genade (vs 13). Maar die genade bring 'n groot verantwoordelikheid: *Soos gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie* (vs 14). Die woorde *gehoorsame kinders* beteken letterlik iets soos: kinders wie se geaardheid dit is om gehoorsaam te wees. God het ons geaardheid verander: in plaas van ons ou geaardheid wat net ongehoorsaam wil wees en wat net wil lewe volgens ons eie sondige begeertes, het Hy vir ons 'n nuwe geaardheid gegee – die geaardheid van *gehoorsame kinders*.

Hierdie nuwe geaardheid moet nou in ons hele lewenswandel sigbaar word. Die kenmerk daarvan is heiligheid (vs 15). *Heilig* beteken hier skoon gewas en afgesonder vir God. Ons moet lewe soos 'n *heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig* (1 Pet. 2:9).

Of as ons dit anders wil sê: Ons moet lewe soos kinders van God, kinders wat die voorbeeld van ons Vader volg. Vers 16 sê hoe die voorbeeld van ons Vader lyk: *Wees heilig, want Ek is heilig*. God is na sy wese die heiligheid self. Hy is anders as sy skepping. Hy is afgesonder en losgemaak van die wêreld. Die sondige wêreld het geen houvas op Hom nie.

Hy het ons deur Christus se bloed skoon gewas en ons anders gemaak as die sondige wêreld. Hy het ons eenkant gesit om net volgens sy voorbeeld te lewe. Hierdie sondige wêreld het geen houvas op ons nie. Niks en niemand kan ons dwing om dinge te doen wat teen die wil van ons Vader ingaan nie. Aan die ander kant moet ons nou net die dinge doen wat ons Vader doen. Ons moet *navolgers van God* word (Ef. 5:1), soos Jesus gesê het: *Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is* (Matt. 5:48).

Jy is heilig! Lewe elke dag volgens die voorbeeld van jou heilige Vader!

Sing: Psalm 24-1:2, 3

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)